

## II.

Dr. H. het in die voorafgaande die bewijs nie gelewer dat Afrikaans 'n mengeltaal geword is onder Maleis-Portugese invloed nie; omdat hij, wat ook al van die res van sij betoog mag gedink word, beslis te kort geskiet het in sij bewijs dat die Koloniste Maleis-Portugees gaan praat het. Selfs oor die mate van waarskynlikheid wat sij betoog bereik, kan die opinies verskil. Tot sover berus sij argumente op historiese gronde, is hulle van teoretiese aard. Want gesteld dat hij bewijs het dat die Koloniste in groot getalle Maleis-Portugees gepraat het, dat mens dus sou verwag dat daar in Suid-Afrika 'n mengeltaal sou ontstaan het uit Nederlands en Maleis-Portugees, dan sou uit die taal self nog moet bewijs word, dat wat te verwagte was ook in werklikheid gebeur het. Maar as uit die taal self aan te toon was dat dit 'n sodanige mengeltaal was, dan was dit nie nodig om ook selfs maar waarskynlik te maak, op historiese gronde, dat so 'n wisselwerking tussen die twee tale plaasgevind het nie. Alleen wanneer die taalkundige argumente swak is, is dit nodig om nadruk te lê op die historiese. Die feit dus, dat Dr. H. so 'n lang geskiedkundige betoog moet hou, sou ons daarop moet voorberei dat sij taalkundige argumente nie sterk is nie, altans nie afdoende om sij stelling te bewijs nie.

Ons kom dus nou tot die taalkundige gedeelte, waar Dr. H. moet *bewijs* dat Afrikaans 'n mengeltaal is, en

*waarskynlik maak* dat Maleis-Portugees, en nie 'n ander taal nie, aanleiding gegee het tot die ontstaan van so 'n mengeltaal. Die laaste is 'n hipotese, maar die eerste is 'n stelling, die gegrontheid waarvan uit die taal moet bewijs word. Dr. du Toit is geneig om die hipotese as bewese te beskou (*Afr. Stud.* p. 9). In plaas van histories bewese, kom dit mij voor dat Dr. H. sterk argumente uit die taal self sal moet bring om sijn hipotese waarskynlik te maak, terwyl ek sijn stelling as ongegrond en onbewijsbaar beskou, behalwe in sover as Engelse invloed in aanmerking kom.

As Dr. H. kan aantoon dat Afrikaans beantwoord aan die definisie van 'n mengeltaal wat hij op bladsij 15—16 gee, sal ons tevrede wees.

Dat die taak vir hom as Nederlander moeiliker gemaak werd, deurdathij sijn kennis van Afrikaans moes put uit die geringe aantal Afrikaanse geskrifte waarvoor hij kon beskik, erken ek graag. Maar tog moes die geskrifte vir hom voldoende gewees het om op grond daarvan die stellige uitspraak te doen, dat Afrikaans met volle reg 'n mengeltaal kan genoem word (p. 15). En dit doen hij, nie met die oog op moontlike Anglisismes nie, omdat Afrikaans, voordat dit in aanraking met Engels gekom het, al sijn beslag gekrij het, al 'n mengeltaal was (p. 70). Die beswaar van Dr. H. se onvolledige kennismaking met Afrikaans word verholpe deur die aanvullende werk, *Afrikaansche Studies*, van Dr. du Toit, self 'n Afrikaner, en dus bekend met die Afrikaanse woordeskat. Ek neem dus Dr. du Toit se lijs van Maleis-Portugese woorde mee in bespreking, en vermeld telkens van wie die afleiding

van die woord afkomstig is, waar dit twijfelagtige afleidinge geld.

Dr. H. ondersoek dan eers die Afrikaanse woordeskat. Volgens die definisie van Windisch, deur Dr. H. gedeeltelik vertaal (p. 15), mag ons bij 'n mengeltaal verwag, wat die woordeskat betref, dat 1<sup>o</sup>. vreemde woorde op koste van inheemse gebruik word, dat 'n woord van die eie taal verdring word deur 'n woord van die vreemde taal, wat daar presies aan beantwoord, 2<sup>o</sup>. dat die massa leenwoorde 'n aansienlike deel („erheblicher Bruchtheil”) van die totale woordeskat uitmaak, sodat die gewoonste sinne 'n leenwoord sal bevat, 3<sup>o</sup>. dat behalwe selfstandige naamwoorde ook werkwoorde, selfs telwoorde, selfs verbuigingsvorme en ander taalmachinerie, aan die vreemde taal ontleen is.

Die lysste wat Dr. H. en Dr. du Toit opgestel het van Maleis-Portugese ontleninge in Afrikaans bevat tesame 113 woorde, waarvan ek vir die oomblik aanneem dat algar, ook die wat Dr. H. op pp. 105—108 gee, direk uit Maleis-Portugees in Afrikaans ontleen is. Hoe klein die Afrikaanse woordeskat ook mag wees — bij gebrek aan 'n betrouwbare woordeboek kan ons dit selfs nie bij benadering bepaal nie — sal niemand dit 'n „erheblicher Bruchtheil” wil noem nie. Van Dale's *Groot Woordenboek der Nederlandsche Taal*, vijfde druk, bevat na 'n ruwe berekening  $40 \times 2060 = 82400$  woorde. As Afrikaans minder dan die helfte, sê 40000 woorde besit, dan sou die Maleis-Portugese woorde in Afrikaans iets meer dan  $\frac{1}{4}\%$  daarvan vorm. En Afrikaans het waarskynlik meer woorde aan Maleis en Portugees ontleen dan aan enige ander taal,

behalwe Engels. Volgens Morris (*Historical Outlines of English Accidence*, 1895, p. 58) bevat Engels, die tiepiese voorbeeld van 'n mengeltaal, wat ook Windisch (t. a. p.) aanhaal, ongeveer 66 % woorde van klassieke oorsprong alleen! Laat Afrikaans nou maar 20000 woorde besit, (die *Patriot* woordeboekie gee meer dan 16000) dan is die Maleis-Portugese element nog maar sowat  $\frac{1}{2}$  % van die totaal.

Dit spreek vanself dat bij sulke verhoudinge, Afrikaans nie beantwoord aan die tweede vereiste van Windisch nie. As ons die woord *baje* uitsonder, kan mens dan ook bladsije Afrikaans lees en 'n lang gesprek met 'n Afrikaner voer, sonder om 'n Maleis-Portugese woord teen te kom. In die eerste hoofdstuk van *Vergeet Nie* van Malherbe, wat ongeveer  $5 \times 10 \times 36 = 1800$  woorde bevat, kom twee Maleise woorde voor: *baadjie* en *baje*.

Omtrent die karakter van die woorde is die volgende op te merk. As mens woorde aftrek wat onnederlandse sake of toestande aandui soos *aja*, *akkerwanie*, *assegaai*, *atjar*, *basaar*, *blatjang*, *boebotie*, *borrie*, *bredie*, *doepa*, *doriejas*, *froetangs*, *gonje*, *kabaai*, *kapater*, *karba*, *katjiepiering*, *koeli*, *kraal*, *jamboes*, *kaaiman*, *kiepersol*, *klapper*, *koedoe*, *koejawel*, *laksel*, *lemoen*, *loekwart*, *lieplapper*, *makou*, *mandoor*, *mielies*, *nartjie*, *noi*, *nonna* (*nonnie*), *paljas*, *pienang*, *ramkie*, *rissies*, *sambal*, *sambalbroek*, *sambok*, *sambbrero*, *sambreel*, *saroet*, *soesatie*, *tassal*, *toering*, *amok*, *krits*, *parang*, *trawade*, en hierbij sou nog kan kom, wegens hulle spesiale betekenis, *baar*, *oorlam*, *goeroe*, *katel*, *krabbetjies*, *moesoek*, *nenna*, *pondok*, *condé*, *pagger*, *tabétjies* en misskien *vieruurtjies*, en *voelstruis* — 66

woorde, dan blij daar minder as die helfte oor. Van die wat oorblij is *broesa, palaber, sammejoa, sarianie, talie, tjoema, trawal* en *bonkessie* mij in Afrikaans onbekend, dus weinig gebruiklik of alleen in sekere streke bekend.

Van die ongeveer 40 woorde wat oorblij, is 'n dertigtal óf nie seker van Maleis-Portugese afkoms nie, óf ook Nederlands, d. w. s. kom voor in Nederlandse stukke van vroeër of later tijd, sonder dat daarby aan direkte ontleening in Afrikaans te denke val. Die woorde, tesame met ander van dieselfde klas, wat ook nog onder een van die vorige rubrieke val, behandel ek aanstonds.

Dan blij daar nog oor *baje, tamaai, tronk, pierinkie, piekaninie, doepa, moses, paljas, piekel, tjalie*, waarvan *piekaninie, doepa, moses, paljas* en *piekel* nie dikwels gehoor word nie.

*Pierinkie* is waarskynlik ontleen omdat die Nederlandse woord *schotel* 'n te wije betekenis het, en deur middel van die vreemde woord onderskeid kon gemaak word tussen verskillende soorte van skottels; *tjalie* omdat die Nederlandse *sjaal* daartoe aanleiding gegee het.

*Baje* beteken *erg, heel, veel*, is dus 'n baje handige woord, word baje gebruik en in baje betekenis, sodat daardeur nie 'n Nederlandse woord verdring is nie; in Nederlands bestaan daar geen equivalent voor nie. Min of meer op dieselfde lijn staan *tamaai*, wat ook *groot, heel* beteken, soos 'n *tamaai groot kêrel*. Waarom *tronk* die woord *gevangenis* verdring het, is mij nie duidelik nie. Misskien het die korthed van die vorm, of die begeerte om die gewone woord te vermij (vergelijk die gebruik van *bajes, nor, lik* en dergelike woorde vir dieselfde saak

in Nederlands), of die nasionaliteit van die meerderheid van die inwoners van so 'n gestig in Suid-Afrika, daar iets mee te doen.

'n Ontleding van die karakter van die ontleninge toon aan dat die meeste vreemde name met die vreemde sake ontleen is. Die name van Maleise kossoorte, vrugte, plante, ens. speel daarbij veral 'n groot rol. Onder die Afrikaanse koks moes seker baie Maleiers gewees het. Woorde as *doepa*, *paljas* wijs op 'n bekwaamheid waar die Slamaiers vandaag nog voor berug is, hulle towerkuns.

Van meer belang vir ons ondersoek is egter die feit dat die aantal gebruiklike, direk uit Maleis of Portugees in Afrikaans ontleende woorde al heel gering is. Daar- onder is twee adjektiewe, *baje* en *tamaai*; *baar* en *oorlams* beskou ek nie as direkte ontleninge nie. Die hele lijs bevat vier werkwoorde, waarvan waarskynlik geen een in Suid-Afrika ontleen is nie. *Soebat* en *moveer* kom al bij van Riebeek voor; *baklei* en *baljaar* in Nederlandse toneelstukke van die begin van die 18<sup>de</sup> eeu, het dus waarskynlik al lang deel uit gemaak van die seemanstaal, en via Nederland in Suid-Afrika gekom. Dat *koerang* ook as werkwoord gebruik word, naas die meer gewone adverbiale gebruik, soos in *jij speel koerang*, kan iets van latere ontwikkeling in Suid-Afrika self wees. *Oorlams* sal wel in Suid-Afrika 'n adjektief geword het.

Ek het boos gesê dat dit nie vasstaan dat al die 113 woorde direk aan Maleis-Portugees ontleen is nie.

Dat 'n woord voorkom of in 'n Maleise of in 'n Portugeese woordeboek, gee ons nog nie die reg om so 'n woord Maleis-Portugees te noem nie. Van sommige van

die genoemde woorde, soos b.v. *aja* en *baadjie*, wat uit Portugees in Maleis en andersom, ontleen is, mag ons dit aanneem, maar is b.v. *koerang* ook so 'n woord? Ek vermoed dat *koerang* veel later oorgeneem is van Maleise kinders bij kinderspele. En met watter reg noem Dr. du Toit woorde as *alla* en *assegaai* in 'n lijs van Maleis-Portugese woorde? Alle woorde wat uit die Ooste kom is daarom nog nie Maleis-Portugees nie, of via Maleis-Portugees in Afrikaans ontleen nie. *Arrie*, *koedoe* en *sie(s)* hou ek vir woorde ontleen aan die inboorlinge-tale.

Maar 'n meer prinsipiële beswaar is die volgende. As 'n Maleise of Portugese woord in Afrikaans en in Nederlands voorkom, kan die woord dan gebruik word as 'n argument om Maleis-Portugese invloed op Afrikaans te bewijs? As die voorstanders van die teorie van die invloed van Frans op Afrikaans dieselfde sou doen, dan sou hulle 'n hele end verder kom in die opstel van 'n lijs van ontleende woorde, as Dr. H. en Dr. du Toit. Maar Dr. H. laat hulle dit nie toe nie (*De Gids* 1897, p. 142). En tog, hoewel waarskynlik onbewus, neem hijs self woorde in sij lijs op wat ook in Nederlands voorkom, 'n hele paar selfs vóór 1652, soos aanstonds sal blijk. Sulke woorde *kan* nou wel in Afrikaans opgeneem wees direk uit Maleis-Portugees, maar omdat hulle ook via Nederland *kan* ontleen wees, besit hulle geen bewijskrag nie, selfs al word sulke woorde eers in Nederlandse stukke van na 1652 aangetoon. Hoelang kon woorde as *baat*, *oorlam*, *baklei* nie al in die 17<sup>de</sup> eeuwe seemanstaal gangbaar gewees het nie, voor hulle die eerste keer in 'n geskrewe stuk opgeneem is? Hoeveel van die woorde was misskien

in die 17<sup>de</sup> eeuwe seemanstaal gangbaar, wat nooit opgeteken en vandaag nog maar alleen in Afrikaans bewaar is nie? Selfs as 'n woord alleen in Afrikaans en in Indies-Nederlands voorkom, kan die woord nog in Afrikaans, sonder tussenkoms van Maleis-Portugees, aan die 17<sup>de</sup> eeuwe seemanstaal ontleen wees. As sodanig beskou ek b.v. woorde as *gonje*, *(dis)pens*. Maar genoeg om aan te toon, dat baie sogenaamde Maleis-Portugese woorde in Afrikaans op dieselfde manier kan ontleen wees as in Nederlands, d. w. s. sonder verdere invloed op die taal te bewijs. Aangesien die historiese argumente ten gunste van die Maleis-Portugees teorie op vrij swak gronde berus, is die moontlikheid van indirekte ontlening iets wat goed in die oog moet gehou word.

As ek 'n lijs gee van sulke woorde waarbij indirekte ontlening moontlik of waarskynlik is, dan wens ek daarby op te merk, dat die lijs bij meerdere bekendheid met 17<sup>de</sup> eeuwe reisverhale, ens., misskien aanmerklik uitgebreider en oortuigender kan gemaak word. Mij doel is hier dan ook meer om die metode aan te gee om sulke woorde te behandel, as om die herkoms van al die woorde in die lijs, gesteld dat iemand dit kon doen, vas te stel. Ek behandel ook woorde wat in ander opsig as met betrekking tot die vraag van direkte of indirekte ontlening, opmerking verdien.

ALLA(H) (du Toit). Die eerste lid van uitroepe soos *alla-*, *alle-giftig*, *-kragtig*, *-krentig*, *-mintig* (*-mintag*) is seker die Ndl. *alle* soos in *alla-*, *alle-magtig*, *alla-*, *alle wêreld*, ens. Dit is kwestieus of die alleenstaande uitroep *alla(h)*, o *alla(h)*, die Arabies-Maleise *Allah*, *God*, is, dan

wel geabstraheer is uit uitroepe soos die bowestaande, vgl. Ndl. *o he* (*Ndl. Wdb.* VI, 174), wat waarskynlik 'n verkorte vorm is van *o heden*, of *o hemel*. In Nederlands-Indië word *alla(h)* egter ook as uitroep van verwondering gebruik (sien Prick van Wely, *Verklarend Hulpwoordenboek*), waardeur die veronderstelling van Dr. du Toit aan waarskynlikheid wen.

AMPER (Hesseling). Die herkoms van die woord is nog onseker, sodat dit as argument weinig waarde het. Gesteld dat dit uit Maleis kom (vergelijk egter die afleiding gegee in die *Ndl. Wdb.*), dan nog maak die feit dat die woord in 17<sup>de</sup> eeus Ndl. ook die betekenis *bijna* gehad het (vgl. Veth, *Uit Oost en West*, waar ook Van Dale aangehaal word, en *Het Afr.* p. 89) direkte ontlening in Afr. onseker. Die Afr. spreekwoord: *Amper is ver van Amsterdam* (Pettman, *Africanderisms*), wat tog wel nie in Suid-Afrika sal ontstaan wees nie, maak dit baie waarskynlik dat *amper* uit Nederland meegeneem is, en toe ook in Nederland die betekenis *bijna* gehad het. Die gebruik en betekenis van *amper* in Afrikaans vorm dus geen beswaar teen die afleiding in die *Ndl. Wdb.* gegee nie.

ARRIE (H.). Vgl. Pettman, *Africanderisms*, i. v. *arri*, waar gesê word: „Hottentot *aré*, an interjection expressing astonishment, vexation, anger”, wat verleideliker klink as Port. *arré*, „Zuruf von Maultiertreibern”. Die feit dat daar meer interjeksies uit Hottentots in Afrikaans ontleen is, maak die afleiding nog waarskynliker. Vgl. Meinhof, *Nama-Sprache*, p. 100, waar ook nog *aise*, *ga*, *su*, *si*, almaal ook in Afrikaans bekend, gegee word.

ASSEGAAI (H.). Dr. H. beskou die woord, geheel ten

onregte, as aan die taal van die inboorlinge ontleen (p. 80). Die *Ndl. Wdb.* gee vier aanhalinge van vóór 1652, die oudste van 1600. Pettman sê die woord is onbekend in Kaffertaal. Die inboorlinge het dit dus eerder van die blanke oorgeneem, in sover as hulle dit gebruik. Dr. du Toit behandel die woord in sijn lijs van ontleninge aan Mal.-Port. Dat die woord ook in Maleis en in Port. voorkom, bewijs niks vir direkte ontlening uit een van die tale in Afrikaans nie. Daarvoor kom die woord te veel voor in ou reisjoernale; ten opsigte van Afrikaans was dit 'n Nederlandse woord. Vir afleiding sie *Ndl. Wdb.*

ATJAR (H.). Die woord kom al bij Linschoten (1596) voor. Vgl. *Itinerario* II, p. 17, uitgawe Linschoten-Vereniging. Dr. Mansvelt (*Idioticon*) sê die woord kom ook bij Nieuhof voor.

BAATJIE (H.). In die *Ndl. Wdb.* kom 'n aanhaling van 1676 voor. Die woord is al vóór 1610 in Port. ontleen, vgl. *Hobson-Jobson* i. v. *badjoe*, waar ook sprake is van *bajus* (meerv.) van vrouwens. Waar so 'n woord deur Hollanders, Portugese en Engelse in die Ooste al vroeg ontleen is, bestaan daar drie moontlike wege waarlangs dit in Suid-Afrika kon bekend word: dit kon uit Europa na Suid-Afrika gekom het; dit kon deur blanke uit die Ooste na Suid-Afrika gebring wees; dit kon deur slawe daarheen gevoer wees. Alleen in die laaste geval natuurlik, sou dit kan getuig van vreemde invloed van betekenis. Dit geld van die meeste van die woorde in die lijs.

BAAR (H.). Die woord kom bij Winschooten, *Seeman* (1681) voor in die vorm *oorinbaar*, en in die betekenis *groentje, steiloor, een die gants onbedreeven* is. Waarom

die uitgebreider betekenis in Afrikaans op nouwer betrekking met die oorspronklike Maleise woord moet wijs, is mij nie duidelik nie. Trouwens, nie die betekenis is uitgebreider in Afrikaans nie, maar die toepassing, en dit om die eenvoudige rede dat die omstandighede, soos aanraking met slawe en inboorlinge, daar meer aanleiding toe gegee het.

BAKLEI (H.). Die aanhalinge in die *Ndl. Wdb.* wijs dat die woord in die begin van die 18<sup>de</sup> eeuw al in die skryftaal opgeneem was, dus vermoedelik in die seemanstaal heel wat vroeër. Agteraan in sijn joernaal gee Willem Cornelisz. Schouten 'n lijs van woorde wat hij op sijn reis (1615—1617) geleer het, en daaronder uit die taal van „de Eylanden Salomonis”: *vechten, slaen = backela*. Hoeveel dit bewijs vir die datum van ontlening is moeilik uit te maak. As daar nou in Suid-Afrika komposita gevorm is wat in Nederland nie bestaan nie, dan mag mens m.i. alleen die gevolgtrekking maak, dat die woord in Suid-Afrika beter carrière gemaak het as in Nederland, sonder dat daaruit blyk dat die woord ouer is in Afrikaans as in Nederlands. Dit was natuurlik veel gemakliker vir 'n vreemde woord om ingeburger te raak in 'n klein gemeenskap, met vrijwel identieke belange, 'n groot familie-kring om so te sê, as om deur te dring tot alle range van 'n volk met uiteenlopende belange en besighede. En wie sou durf beweer dat woorde as *bakkeleipartij, bakkeleierij*, niet te eniger tijd, b.v. in die kringe van seelui, in Nederland gehoor werd of word nie? Trouwens, in die *Ndl. Wdb.* kom die afleiding *bakkeleitje* bij Alewijn voor, en die afleiding bestaan in Afrikaans nie. Dat sulke vorme nie tot die skryftaal of beskaafde spreektaal deurgedring het nie, sê

niks. Ook in Suid-Afrika word *baklei* in die voorkamer liefes vermij, al druk *veg* en *twis* iets anders uit.

BALJAAR (H.). Die betekenis in Afrikaans is, soos die *Patriot Wdb.* aangee, *to play noisily*, en word gewoonlik in verband met die luidrugtige speel van kinders gebruik. Volgens die *Ndl. Wdb.* is die gewone betekenis in Nederland „die van *tieren, schreeuwen, schelden*. Maar deze is ontstaan uit die van *dansen, springen*”. Ook in Ndl. kom voorbeelde voor van die gebruik van die woord in 'n betekenis wat dig bij die oorspronklike staan, b.v. bij Wolff en Deken: „springen en baljaarden”. Sie *Ndl. Wdb.* Die afleiding uit Spaans skijn algemeen aangeneem te word, vgl. Boekenoogen, *De Zaaansche Volkstaal*. Die betekenis in Afrikaans pleit nie voor of teen die afleiding bij Veth nie. Die datum van ontlening is ook weer moeilik te bepaal. Die oudste aanhaling in die *Ndl. Wdb.* is van 1717, maar toe was die woord dan ook al in die skriftaal ingedring. Die woord is „zeer gewoon in verschillende dialecten” soos Noord-Hollands en Gronings (*Ndl. Wdb.*). Dit, tesame met die feit dat die woord al in die 18<sup>de</sup> eeuw gebruik word in betekenis wat van die oorspronklike heel wat afwijk, soos *ophef van iets maken* (*Ndl. Wdb.*), doen vermoed dat die ontlening veel vroeër moes plaas gevind het.

BASAAR (H.). In Afrikaans kom die woord teenswoordig bijna uitsluitend voor in die betekenis: „verkoopning van vrijwillig afgestane voorwerpen voor een liefdadig doel”, (Van Dale). Dr. H. verwijs na 'n plek in die *Kaapse Stukke* waar Kommandeur Wagenaar praat van „Marckt-plaets, of *Besaer*, gemeenlijk bij de onse de *passer* genoemd”,

en nog twee ander plekke waar *basaar* in die betekenis *mark* gebruik word. In die betekenis bestaan die woord, sover mij bekend, in Afrikaans nie meer nie, en ek meen dat die teenswoordige Afrikaanse *basaar* aan Engels sal ontleen wees. Maar die woord het dan tog vroeër in Afrikaans bestaan, vóór ontlening aan Engels moontlik was. Dit wijs egter nog nie op direkte ontlening in Afrikaans uit Maleis of Portugees nie. Die woord is nl. volgens die *Ndl. Wdb.* al so oud as 1572 in Nederlands.

BOETIE (du T.). Dr. du Toit wil die woord aflei van Mal. *boedjang*, en verwerp die afleiding van Dr. Mansvelt wat in *boetie* 'n verbastering van *broertjie* sien. Dr. Mansvelt noem ook die vorm *boetjan*, maar die het waarskynlik alleen bestaan in die vernuftige brein van een of ander student wat Professor 'n bietjie vir die mal wou hou — wat vaker gebeur het. Afgesien van die moeilikheid wat die vorm bied, selfs al sou *boetjan* bestaan, beteken *boedjang* volgens die *Nieuw Mal.-Ndl. Zakwdb.* van Klinkert, *man of vrouw in den ongehuwden staat*, en volgens Dr. de Haan (*Priangan II*, p. 845) in die 17de eeu gewoonlik soveel as *koelie*, *arbeider*, *kneg*. Vgl. ook Dr. Prick van Wely, *Verklarend Hulpwdb.* Die betekenis, vir al die 17de eeuwe, staan mij te ver af dan dat die woord in Afrikaans sou kon kom te beteken *broer*. As die lotgevalle van *boedjang* was soos Dr. du T. hom dit voorstel, dan sou op sij bes in Afrikaans 'n vorm *boetjie* kon ontstaan het; die vorme *boetie* en *boeta* sou onbegrijpelijk wees. M.i. is die verklaring van Dr. Mansvelt die regte. Die woord is seker in die kindermund ontstaan en deur ouer mense oorgeneem. Die verminking en weglating

van 'n *r* in die kindertaal is 'n gewone verskijnsel. Vir die oorneem van so 'n kinderwoord kan vergelyk word Ndl. *ootje*, *opa*, wat verklaar word as vervorminge in die kindermund van *grootje*, *grootpa*, en toe in ruimer gebruik gekom, sie *Ndl. Wdb.* Dat die vorme „onklankwettig” is, lê dan voor die hand; so ken ek ook die vorm *Bloep* vir *Broer*. Vgl. ook Afrikaans *oussie* wat ontstaan moet wees uit *ou sussie*.

BOTTEL (du T.). Die beswaar van Dr. du Toit teen die afleiding uit Frans wegens die *l*-klank geld nie, want in 17de eeuws Frans werd die *l*-klank nog gehoor, vgl. Meyer-Lübke, *Hist. franz. Gram.* § 211. 'n Werklike beswaar is egter die aksent. Afr. *bottel* kan ontleen wees uit Fr. *bouteille* met verspringing van aksent, wat daardeur minder onwaarskynlik word omdat *botteljes*, hoogs waarskynlik nog met oorspronklike aksent, voorkom bij van Riebeek, *Dagverhaal* I, p. 98, 103. Die gespesialiseerde betekenis teenoor *fles* (sie Mansvelt, *Idioticon* i. v. *flesch*) kan laat vermoed dat die woord oud is in Afr., uit die 17de eeuw dagteken, en dan uit Ndl. oorgeërf is, en sij oorspronklike aksent, misskien onder Engelse invloed, verloor het. Die vorm *böttelje* wat so kon ontstaan wees, kon dan later as 'n verkleiningsvorm beskou word het, al was *botteltje* juister. Nhd. *buttel* is ook ontstaan uit Fr. *bouteille*, vgl. Paul, *Deut. Wtb.* Anders moet ons aanneem dat *bottel* direk aan Engels ontleen is, en *fles* eers in die 19de eeuw sij beperkte betekenis gekrij het. Ontlening van Port. *botelha* (du Toit) is hoogs onwaarskynlik.

DISPENS, SPENS (H.). Sie Dr. de Haan, *Priangan* II, p. 776, waar die woord gesiteer word uit die *Dagregister*

van *Batavia*, anno 1644/45. Ek vermoed dat in die 17de eeuwse seemanstaal *dispens* en *kombuis* die gewone woorde was vir *provisiekamer* en *keuken*, vgl. *Priangan* II, p. 512 en 528, waar die twee woorde tweemaal naas mekaar staan. Die Nederlands-Indiese *spen* wat beteken *huisjong*, is waarskynlik verkort uit *dispensier*, wat volgens Dr. de Haan (t. a. p.) Port. *dispenseiro*, volgens die *Ndl. Wdb.* Oudfr. *dispensier* is. Die vroeë gebruik van die woord (bij Coornhert) maak die afleiding uit Port. onwaarskynlik.

GONJE (Du T.). Vir die afleiding van die woord sie *Hobson-Jobson*, i. v. *gunny*. Die woord kom in die *Ndl. Wdb.* nie voor nie, wel bij van Dale. Daar van Riebeek die woord al gebruik, in die vorme *goeny* en *goenje* (*Dagverhaal* II, p. 240, 241) is die woord vermoedelik nie direk in Afr. ontleen nie.

HAAI (du T.). Om afleidinge te gee van tussenwerpsels soos *haai*, en klankbootsende woorde soos *hoei-haai* (die vorm *haai-hoei* is mij onbekend) is gevaarlike werk. Die tussenwerpsels *he*, *hê*, *ha*, *hei*, *hai* kom ook in Ndl. voor, vgl. *Ndl. Wdb.* V, 1328 en elders. Vgl. ook Nhd. *hei* en Eng. *hey*. In al die tale wijs die aanspreek met so 'n woord op familiere omgang.

JOSIE (H.). Die afleiding van die woord is so onseker, dat dit beswaarlik as argument vir Mal.-Port. invloed op Afr. kan dien. Dit is eigenaardig dat die woord vroeër altijd in die vorm van 'n verkleinwoordjie voorkom: bij Saar *Josin*, wat die *Ndl. Wdb.* hou vir Ndl. *Joosjen*, bij Schouten *Joosje*, bij Vermeulen *Josie* ens. Sie *Ndl. Wdb.* op *Joost* II, en *Hobson-Jobson* op *Joss* ('n vorm wat eers

in 1711 voorkom). Sou mens nie ver wag dat die oorspronklike woord aanleiding gegee het tot die skijnbare verkleiningsvorm nie, so ongeveer as bij *baatjie*? Dr. H. Kern, *Indische Gids* XI, p. 1218, lei die woord af uit Port. *deos*. Gesteld dat die afleiding juis is, dan is die vorm *Joosje* al heel vroeg in Nederlandse mond gevorm — Saar was in Indië van 1644 tot 1659 — en het die Nederlanders self die woord na Suid-Afrika gebring. Met die oog op die steeds terugkerende skijnbare verkleiningsvorm, en die aanhalinge uit Schouten e. a. in die *Ndl. Wdb.*, staan die afleiding vir mij nog nie vas nie. Dat die Javane 'n Chinese god bij 'n Port. naam noem is begrijprik, maar nie dat die Chinese dit self doen nie. Misskien egter het die ou reisigers mekaar maar nagepraat. In ieder geval blij direkte ontlening in Afr. onwaarskijnlik.

KAAIMAN (du T.). Dr. du Toit sê dat Veth waarskijnlik gemaak het, dat die Portugese die woord uit West- na Oost-Indië gebring het. Wat Veth sê is dit: „Het blijkt dus dat de naam *kaaiman* reeds zeer vroeg (in of vóór die tijd van Koen) òf door onze landgenooten, òf door de Portugezen, uit West-Indië naar Oost-Indië moet zijn overgebracht”. (Ek kursiveer). Al het die Portugese, en nie die Nederlanders, die woord na Indië gebring, dan was dit daar al so vroeg bekend (1631) dat die Nederlanders dit vandaar na Suid-Afrika sal gebring het. Sie Veth.

KABAAI (H.). Die woord kom al bij Linschoten voor. Vgl. *Hobson-Jobson* i. v. *cabaya*. In Spaans en Port. kom die woord al van 1540 voor.

KAPATER (H.). Sie *Priangan* II, p. 775 i. v. *capade*, waar aanhalinge uit die *Dagregister van Batavia* gegee word

van 1636 en 1643/44. Die woord word vandaag nog op Ambon gebruik (t. a. p.).

KARDOES (H.). Die Ndl. *kardoes* kom volgens Franck-Van Wijk van Frans *cartouche*. Nou is die *d* in die Ndl. woord eigenaardig (vgl. Salverda de Grave, *Franse Woorden i. h. Ndl.* p. 253), en dit sou nog eigenaardiger wees, as die Afr. *kardoes*, wat volgens Dr. H. uit Port. *cartucho* moet kom wegens die betekenis (*peperhuisje*), onafhanklik dieselfde eigenaardige *d* sou ontwikkel het. Volgens van Dale beteken *kardoes* in Nederlands ook *stevig pakpapier*, wat nie so ver van die Afr. betekenis staan nie. Die betekenis in Afr. bied nie groot beswaar teen oorerwing uit Ndl. nie.

KATEL (H.). Vgl. *Priangan* II, p. 769, waar *kadel* genoem word as een van die woorde wat in daaglikse gebruik was in die Kompanjestaal van vroeër, maar langsamerhand uitgestoot en vandaag nog alleen in Afr. bewaar is. „Reeds in 1622 gebruikte men op Ambon het woord *catell* voor *rustbank* (*Kron. Utr. Gen.* 1871, p. 440); Danckaerts zegt in zijn *Vocabularium* van 1623: „*Catil* een bedstede”. Evenzoo Johan van Twist (*Gen. Beschrijvinge van Indië, in Begin ende Voortgangk*) p. 59. In het *Dagregister* vindt men *catel* anno 1634, p. 385; 1637, p. 59”, ens.

KIEPERSOL (du T.). Die naam is mij onbekend in Afrikaans. As dit 'n naam is van 'n boom wat alléén in die Transvaal voorkom, dan begriip ek nie hoe ons aan die woord kom nie. In die oorspronklike betekenis van *sonskerm*, *sambreel*, en dan *breeë rand hoed*, moes die woord dan tot ongeveer 1840 in die Kaap Kolonie bekend gewees het, en nadat dit deur die Voortrekkers in die Transvaal

toegepas is op 'n boom, moes dit heeltemaal uitgesterf het in die gewone betekenis. Dit kom mij weinig waarskynlik voor. Maar miskien is die woord ook nog in ander dele van die land bekend. Gesteld dat die afleiding wat Dr. du Toit, gee die juiste is, dan wijs die vorm dat die woord eers laat deur Nederlanders oorgebring is. Veth, *Uit Oost en West*, p. 79, gee die afleiding en vormontwikkeling van die woord duidelik aan. „De meest verhollandschte vorm, *kiepersol*, is ook de jongste,” sê hij. Die afleiding van Prof. Kluyver, uit Spaans *quitasol*, aangehaal en goedgekeur deur Dr. du Toit, sal miskien verbeter moet word tot Port. *quitasol*.

KLAPPER (du T.). Dr. du Toit is nie geneig om aan te neem dat die woord via Nederland in Suid-Afrika gebring is nie. In *Priangan II*, p. 40, noot 3, word die vorm *clappus* aangehaal uit 'n Ndl. stuk van 1624; p. 542 word die vorm *calappus* naas *klapper* bespreek; in die *Dagregister van Batavia* van 1644/45 kom *klapper* al voor. Dr. de Haan (t. a. p.) sê dat *cocos* die oudste naam skijn gewees te hê, wat later verdring is deur *klappus*, waarnaas *klapper* 'n minder deftige vorm was. Die woord was dus in die 17<sup>de</sup> eeu, veral in die handels- en seemanstaal, heel gewoon, en dit is goed moontlik dat die woord via Holland, of wat sowat op dieselfde neerkom, deur Hollanders uit Indië, na Suid-Afrika oorgebring is. *Klapper*, *klapperdop*, *-melk*, *-noot*, *-olie* is nog in Nederland bekend. Sie van Dale.

KOEDOE (du T.). Dit is 'n Kafferwoord *Qudu*, volgens Pettman, *Africanderisms* i. v. *koodoo*. Die afleiding van Dr. du Toit, wat Mal. *koeda*, *perd*, hierin wil sien is nie oortuigend nie.

KOELIE (H.). Die woord word al deur Linschoten gebruik. Die afleiding skijn nog onseker te wees. In Portugees kom die woord al in 1548 voor. Vgl. *Hobson-Jobson* en *New English Dictionary* i. v. *cooly*.

KOERT (H.). Die gewone vorm is *koort*, en die gewone betekenis is *geregshof*. Die gebruik van die woord in *Ons Klyntji* is 'n bietjie vreemd, en miskien is Dr. H. daardeur verlei om die Port. *côrte* daarin te sien. Maar die skrywer toon aan dat hij die woord in 'n ongewone betekenis gebruik, deur die betekenis *hof* tussen hakies aan te gee. Dit is die Engelse *court*, wat na 1806 en die verdrukking van Hollands in die *geregshof* in die Kaap Kolonie, in gebruik gekom het. Dit word dan ook veral in die Westelike Provinsie van die Kaap Kolonie, waar die Engelse invloed al vroeg gewerk het, veel gebruik.

KO(E)JAWEL (du T.). Sie *Priangan* II, p. 542, waar voorbeelde aangehaal word van die gebruik van die woord bij Meister, *Orient.-Ind. Kunst- und Lust-Gärtner*, p. 105 (1692); Rumphius, *Herbarium Amboinense* I, p. 141, ens. Vgl. verder *Hobson-Jobson* i. v. *guava*, waar aanhalinge uit Spaanse en Portugese werke van 1550 af gegee word. Dit is weer so 'n woord as *kaaiman*, oorspronklik afkomstig uit West-Indië, en bewijs niks vir Mal.-Port. invloed op Afr. nie. Hoewel die vorm met *l* dàárteen, sowel as teen die suggestie van Dr. du Toit pleit, is ontlening uit Engels nie onmoontlik nie; want as ek dit wel het, kom die woord in die Westelike Provinsie, waar dit die meeste gebruik word, in verskillende vorme, ook sonder *l* voor. Of is die introduksie van die vrug in Suid-Afrika ouer as die 19de eeu?

KRAAL (H.). Daar die woord reeds bij van Riebeeck (*Dagverhaal* I, p. 80, 223 en passim) voorkom, is dit ouer in Nederlands as Afrikaans self. Die gewone vorm bij van Riebeeck is *crael* en nie *coral*, soos Dr. H. sê nie; die vorm *coral* het ek eenmaal opgeteken, die vorm *crael* viermaal.

KRIEK, JANKRIEK (du T.). Die vorm *jankriek* is mij onbekend. Dr. de Haan, wat die vorm *jankriek* vermeld (*Priangan* II, p. 745) is van dieselfde opinie as Dr. du Toit, dat *jankriek* die Mal. *djangk(e)rik* is. Naas die moontlikheid bestaan daar, ten minste vir Afrikaans, 'n tweede. *Kriek* vir *krekel* is ook Ndl., soos Dr. du Toit opmerk. Vgl. *Ndl. Wdb.* op *Kriek* II. Dr. de Haan (t. a. p.) sê, *kriek* word ook deur Rumphius gebruik, en Rumphius is 'n gebore Duitser. Nou kom in Suid-Afrika die mansnaam *Jan* dikwels voor vóór name van vools, ens., vgl. *Jan-Groentjie*, *Jan-Tarentaal*, *Jan-Fiskaal*, *Jan-Pierewiet*, name van vools; *Jan-Blom*, naam van 'n padde, *Jantjie Trap-Soetjies*, naam van die kameleon, ens. Vgl. verder *Klaas-Skaapwagter*, *Pietjie-Kanarie*, name van vools; *Jakob-Swart*, naam van 'n vis, misskien na een of ander persoon, vgl. *jakop(i)ewer*, naam van 'n vis, waarskynlik 'n verbastering van *Jakob Everts*. Op dieselfde manier kan *Jan-Kriek* gevorm wees.

LEMOEN (H.). Die woord kom so veel en so vroeg in 17<sup>de</sup> eeuwe reisverhale voor, dat dit onnodig is om baje voorbeelde te gee. Vgl. o. a. Linschoten, *Itinerario* I, p. 19; Willem Cornelisz. Schouten, *Journael*, p. 4, 5, en passim; Bontekoe, *Oost-Indische Reyse*, p. 39, 40, en passim; *Priangan* II, p. 145, noot 6. Dit is moeilik om uit te maak presies watter vrug daarmee bij verskillende skrywers

bedoel word. Vir 'n 17<sup>de</sup> eeuwse klassifikasie sien Rumphius, *Herb. Amboin.* II, p. 96 vgl.

LOEKWART (H.). Is die woord ouer in Afr. as die 19<sup>de</sup> eeuw? Vgl. *Hobson-Jobson*, i. v. *loquat*. Die woord is in Engels ontleen uit Chinees. Die oudste aanhaling is van 1821. Dit is nie onmoontlik dat ons die woord in Afr. van die Engelse het nie.

MANDOOR (H.). In die Vrijstaat en Transvaal skijn die woord nie gebruik te word nie; sover ek kan nagaan, kom dit alleen in die buurt van die Kaap voor. Dit is dus óf 'n late ontleding, óf die woord is aan 't uitsterf. *Priangan* II, p. 283, word *mandoor* gebruik anno 1703. Dit is die naam wat blanke gegee het aan Indiese hoofde en opsigters, en sal vermoedelik deur blanke na die Kaap gebring wees. Die oorspronklike vorm skijn *mandadoor* (Port. *mandador*, *lasgewer*) gewees te hê. Die vorm *mandoor* uit *mandadoor* te verklaar, bied geen groot beswaar nie. *Mandorijn* kan daarby mischien ook 'n rol gespeel het. Sien Veth, *Uit Oost en West*, p. 76 en *Ndl. Wdb.* i. v. *mandarijn*.

MASKIE (H.). Die afleiding uit Port. skijn seker te wees, en *maskie* niks te doen te hê met *mischien* nie. Die woord kom in 17<sup>de</sup> eeuwse klugte voor, sê Dr. H., en kan dus via Nederland in Suid-Afrika gekom het. Dit is eigenaardig dat *maskie* in Afr. heel dikwels verbonde is met *al*, sodat selfs naas *al maskie* die vorm *amma(l)skie* voorkom. Sien Mansvelt, *Idioticon*. Eigenaardig is ook nog dat in Port. 'n woord *masque* in die betekenis *never mind*, *all the same* ongebruiklik skijn te wees. Vgl. *Hobson-Jobson* i. v. *maskee* en *Ndl. Wdb.* i. v. *maski*.

MIELIE (H.). Ook 'n heel vroeë ontleding. In die *Journal*

van Joris van Spilbergen, van 'n reis gemaak in 1601, kom die woord voor in die vorm *mille*; in *Toortse der Zeevaert* van Dierick Ruiters, 1623 (uitgawe Linschoten-Vereeniging, p. 49) in die vorm *milhe*; Dr. de Haan gee voorbeelde van die gebruik van die woord in 1623 en 1641, sie *Priangan* II, p. 640; 778. Van Riebeeck gebruik dit verskeie male, o. a. *Dagverhaal* II, p. 181; 336. In die *Reystogten* van Wouter Schouten kom die woord ook voor in die vorm *mylie* (3<sup>e</sup> druk, p. 72).

MOVEER (H.). Die suggestie van Dr. Mansvelt, om uit die betekenis *ter sprake brengen, opperen*, wat die Ndl. *moveren* ook het, die ontwikkeling tot *hinderen*, die betekenis van die woord in Afrikaans, aan te neem, word daardeur onaanneemlik, dat van Riebeeck (*Dagverhaal* III, p. 304) al die woord in die afwijkende betekenis gebruik, en daar is nie spore van so 'n betekenis-ontwikkeling in Ndl. nie. Al is die afleiding uit Port. *moér* juis — die vorm in Afr. is dan wel opvallend maar nie onmoontlik nie —, dan bewijs die voorkom van die woord bij van Riebeeck, dat die ontlening in voor-Afrikaanse tijd plaasgevind het. Van Riebeeck gebruik die woord sonder kommentaar in 'n offisiële stuk. (Die Ndl. *moveren* kom nie in die *Ndl. Wdb.* voor nie, wel bij van Dale. Dit is egter onwaarskynlik, dat die woord in die 17<sup>de</sup> eeuw betekenis gehad het wat die vermoede van Dr. Mansvelt sou staaf).

OORLAMS (H.). Ek ken in Afr. alleen *oorlams* as adjektief, in die betekenis *bedrewe, slim*; die betekenis *dronk* (Mansvelt, *Idioticon*) is mij onbekend. Dat Afr. die oorspronklike aksent bewaar het teenoor Ndl. bewijs niks. Die aksent is waarskynlik pas later in Ndl. verander, en

die woord kon, met die oorspronklike aksent, van Nederland na Suid-Afrika gegaan het. Dieselfde geld van die betekenis. As die gewijsigde aksent en betekenis in Ndl. iets bewijs, dan sou dit wees dat die woord in Ndl. meer in gebruik was as in Afr., wat misskien daardeur sou kan verklaar word, dat die meerderheid van die blanke in S.-A. al gouw in minder nouwe aanraking gekom het met see-lui. Vandaag word die woord gewoonlik gebruik van Kaffers, ens. Maar in vergelyking met *baar* het *oorlams* 'n slegter toekoms gehad! In Ndl. het die woord natuurlik veral in die seemanstaal blij voortleef. Die verskuiwing van aksent in Ndl. kan daardeur bevorder wees, dat die woord in die vorm *oorlam* enigsins die voorkome gehad het van 'n Nederlandse samestelling.

PAAI (H.). Die afleiding van Dr. H. uit Port. verdien die voorkeur bo die van Franck-Van Wijk. Die vorm *pade* is wel geen bloot hypothetiese vorm soos Dr. H. sê nie, maar is seldsaam en kom alleen in 'n oostelike dialek voor, en die betekenis bied beswaar. Sie Verwijs en Verdam, *Mnl. Wdb.* In die eigelike betekenis van *vader* kom *paai*, ondanks die *Ndl. Wdb.* ook nie voor nie. In Afr. het *paai* die selfde betekenis as in die *Ndl. Wdb.* *paai* I, 3, gewoonlik met enigsins veragtelike sin. Op 'n vraag daaromtrent skryf 'n vriend dat *ou paai* in Afr. beteken *ou gek*. Daar die woord in Ndl. al in die 17de eeu voorkom (die *Ndl. Wdb.* gee 'n voorbeeld uit 'n werk waarvan die 2e druk in 1675 verskijn het) en nog in die eeu al in 'n werk soos die *Haagsche Mercurius* van Doedijns, is dit heel waarskynlik dat die woord meegeneem is uit Nederland na Suid-Afrika. Dat die Hollandse

matrose 'n woord soos *maai* uit Port. sou oorgeneem het, kom mij nie baje waarskynlik voor nie. Dit is nie onmoontlik dat *maai* na die voorbeeld van *paai* gevorm is nie. *Maai* kan egter ook in Suid-Afrika direk aan die slawetaal ontleen wees; vergelyk die uitdrukking: *Loop na jou maai, of jou moer.*

PALABER (H.). Ondanks herhaalde navraag het ek nog niemand getref wat die woord in Afr. ken nie, wel die Eng. *palaver*. Dr. H. vermeld nie waar hij daaraan kom nie. Bij Mansvelt en in die *Patriot Wdb.* kom dit nie voor nie. Ek vermoed dan ook dat die woord, as dit in Afr. voorkom, 'n ontlening uit Engels sal wees. Dr. Godeé-Molsbergen ken die woord uit die Kompanjestaal, maar nie in Afr. nie. (Partikuliere meedeling). Vir afleiding en gebruik sie *Ndl. Wdb.* en Veth, *Uit Oost en West*, p. 132.

PIERING (H.). Dr. H. self gee 'n voorbeeld van die gebruik van die woord in 1668. Vgl. *Priangan II*, p. 279, waar voorbeelde van samestellinge soos *eetpiering* 1679, *theepiering*, *schenkpiering* gegee word. Ontleninge soos *piering*, *bottel*, *karba*, *baatjie* het die Ndl. woorde soos *skottel*, *fles*, *jas*, nie verdring nie, maar geleentheid gegee om te spesialiseer in betekenis, sodat in Afr. 'n *jas* iets anders is as 'n *baatjie*, 'n *fles* iets anders as 'n *bottel* of 'n *karba*, 'n *skotteltjie* iets anders as 'n *pierinkie*.

PONDOK (H.). *Priangan II*, p. 136 kom die woord voor anno 1687, en verder passim in die aangehaalde stukke, vgl. register, p. 882. Veral waar 'n woord alleen in die *Dagregister van Batavia* of in ander Indiese stukke voorkom, blij direkte ontlening in Afr. nog goed moontlik. Maar aan die ander kant spreek dit vanself dat sulke

woorde vir Indiese sake, tensij dit handelsartiekele was, nie in algemeen Ndl. gebruiklik sou wees nie, al was hulle al hoe lang skering en inslag in die seemanstaal. En die seemanstaal van die 17<sup>de</sup> eeuw is juis die vorm van Ndl. wat ons moet aanneem as uitgangspunt vir Afrikaans. Die „vreemde” woorde wat bestaan het in die seemanstaal van vóór 1652 was, ten opsigte van Afr., net so min vreemde woorde as die ontleninge uit Frans in Ndl. van vóór die datum.

ROBBEDOES (H.). Mij alleen in hierdie vorm bekend, en alleen in die betekenis van iemand, gewoonlik 'n wilde kind, wat slordig is op sij klere en sij persoon. Die vorm *rabbedoes* kom ook voor; die vorm sonder slot-*s* staat bij Mansvelt en in die *Patriot Wdb.* (wat dit waarskynlik uit Mansvelt oorgeneem het), maar is onder mij vriende onbekend. Uit Mal.-Port. *raaybojoe* (Port. *raivoso*?) kan geen een van die Afr. vorme verklaar word nie; uit Port. *rabido* is die vorme met slot-*s* moeilik te verklaar, of dit moet aan die meervoudsuitgang ontleen wees. Kan *rabbedoes* 'n kruisprodukt wees van *rabido* en *raivoso*? Kan dit 'n geleerde ontlening uit Latijn *rabidus* wees?? Franck-Van Wijk het blykbaar ook geen raad geweet met die woord nie. Maar die ooreenkoms in vorm en betekenis is te groot, dan dat die Ndl. en die Afr. woord van verskillende oorsprong sou wees. Ek hou dit dan ook daarvoor, dat die woord uit Nederland na Suid-Afrika sal geneem wees.

RISSIE (H.). Dr. de Haan, *Priangan* II, p. 749, het 'n interessante artikel oor die woord, waarin verskillende moontlike afleidinge bespreek word. Hij ken die afleiding van Veth, maar maak geen melding van die van Kern

nie, alhoewel hij *Het Afrikaansch* van Dr. H. ken. Die afleiding blij vir hom onseker. Hij sê *ritsje* was in 1669 in Indië „algemeen bekend”, en gee ’n voorbeeld. Verder merk hij op: „wanneer ik in Jan van Riebeeck’s *Dagverhaal* (I, 399) zie dat hij aan de Kaap *ritsjens* zaait, dan kan ik moeielijk denken aan *Spaansche peper*, zoodat ik onderstel dat het (Ndl.) woord (*rits*) op de vruchten van deze plant kan zijn overgedragen omdat zij iets *rits-* of *ristachtigs* hebben”. Bij van Dale kom *rist* voor as gewestelijke naam van *rister*, „een van de vele volksnamen van de . . . duizendknoop”. Onder *duizendknoop* vind ek bij van Dale as een van die veertien Nederlandse soorte vermeld *waterpeper* of *bittertong*. Mij kennis van sake is hier te gering om ook maar die minste opinie uit te spreek. Wat ook die afleiding mag wees, die woord kom so vroeg voor, dat ons nie hoef te dink aan direkte ontlening in Afr. nie. Jan van Riebeeck het die woord waarskynlik ook al vóór sijn aankoms in Suid-Afrika geken. Hij gebruik dit in 1654.

SIE, SIES (du T.). Die Mal. vorm *tjis* wat Dr. du Toit aangee, verskil nogal van die Afrikaanse. Uit *tjis* kan moeilik *sies* ontstaan het. Die vorm *ties* (du Toit) wat nader staan aan die Maleise vorm, is mij heeltemaal onbekend. Die uitroep is veral onder die Hottentotte gewoon, en geld in die Vrijstaat nie vir biesonder beskaafd nie. Ek vermoed dan ook dat dit, soos *sie*, uitroep bij die gewaardwording van kou, soe bij hitte, *ga* bij ’n onaangename reuk, aan Hottentots sal ontleen wees. Vgl. Meinhof, *Nama-Sprache*, p. 100, [waar *tsi*, *si*, „Ausdruck des Abscheus”, gegee word.

SOEBAT (H.). Die *Ndl. Wdb.* stel ons nog nie in staat om na te gaan hoe oud die woord in Ndl. is nie. Jan van Riebeeck gebruik dit in sij *Dagverhaal* (I, p. 228), met die opmerking dat Herry die woord vroeër in Bantam geleer het; *Dagverhaal* I, 449 gebruik Eva die woord *soebat*, „willende seggen: vleyt” voeg van Riebeeck daaraan toe; I, p. 486 noem hij Eva „een soubaster ofte flikfloyster”. Die opmerkinge en verklaringe van van Riebeeck wijs dat die woord destijds nog nie algemeen bekend was nie, maar ook dat dit nie aan die slawetaal ontleen is nie, omdat daar toe nog geen slawe aan die Kaap was nie. In Ndl. is *soebatten* vandaag ’n heel gewone woord, en kan in Afr. uit Ndl. oorgeërf wees. Vgl. verder Veth, *Uit Oost en West*, p. 26.

TATA, TA (du T.). Die vorm *tate* kom ook in die Neger-Hollands van die Deense antille voor (vgl. Hesseling, *Neger-Holl.* p. 288), waardeur ontlening aan Mal.-Port. onwaarskynlik gemaak word. Die beperking van die gebruik van die woord tot die swarte in Suid-Afrika maak dit ook onwaarskynlik dat dit die dialekties Ndl. woord *taat* sal wees (vgl. Boekenoogen, *Zaansche Volkstaal*), al is dit geen beswaar dat die woord alleen dialekties voorkom nie, veral as die dialek ’n Hollandse is. M. i. is die woord aan die inboorlinge-tale ontleen. Ongelukkig kon ek daar nie in slaag om ’n woordeboek van die Suid-Afrikaanse Bantoe-tale in die hande te krij nie. Maar in Bantoe-tale van die meer noordelike volke kom die woord wel voor: sie *Zigula-English Dictionary* van Walter Kisbey, en *Xilenge Vocabulary* van Smyth en Matthews, allebei uitgawes van die Society for Promoting Christian Knowledge,

i. v. *tate* en *tati*. In Brincker, *Lehrbuch der Oshikuanjama* <sup>1)</sup>, p. 113, kom voor *tate*, pl. *ootate*, *Vater*.

TALIE (H.). Mij heeltemaal onbekend. Volgens ingewonne informasie is die woord alleen bekend in die uitdrukking *rondom talie draai*, wat skijn te beteken *rond draai*, en die naam is van 'n kinderspelletjie. Ek moet erken dat ek nie raad weet met die woord nie; die gebruik is mij nie duidelik nie, en ek weet ook nie wat voor rede-deel dit is nie. Dr. H. dink aan Mal. *tali*, *touw*, en miskien ook aan Port. *talha*, *katrol*. Die verband in betekenis tussen die Maleise en die Afrikaanse woord kan ek nie sien nie. In die betekenis *katrol* kom *talie* in Ndl. ook voor, waarskynlik al vroeg, en kan in Afr. oorgeërf wees. Vgl. Franck—Van Wijk.

TJAP (H.) Volgens Dr. Godeé-Molsbergen is dit 'n heel gewone woord in die Kompanjestaal. Dr. H. gee 'n voorbeeld vir 1653. Vgl. verder *Priangan* II, p. 282; van Lennep, *Zeem. Wdb.* i. v. *sjappen*. Volgens *Hobson-Jobson* (i. v. *chop*) kom dit voor in Port. en Sp. aanhalinge van 1534 af. Met Dr. H. gloo ek ook nie, dat die woord in Afr. uit Engels ontleen is nie; maar voor dat dit kan ontken word, moet uit die *Kaapse Stukke* of iets dergeliks, bewijs word, dat die woord vóór 1806 in Suid-Afrika bekend was.

TRASSIE (du T.). Die afleiding van Dr. du Toit kom mij te gesog voor, en ook om ander redes onwaarskynlik. Ten eerste bestaan die vorm *transie* wel, en moet as meer oorspronklik dan *trassie* beskou word. Ten tweede wijs

<sup>1)</sup> Taal wat in die Noorde van Duits-Suid-Wes-Afrika gepraat word.

die aksent, wat soms nog op die laaste lettergreep gehoor word (vgl. *Patriot Wdb.* waar die woord geskryf word *transé*) in die rigting van die afleiding wat Dr. Mansvelt voorstel. Die betekenis van Fr. *transi, verkluum, verstijf, beskaamd*, bied wel moeilikheid, maar die aksent en die (sporadiese) nasaaklank in die eerste lettergreep, maak die afleiding van Dr. du Toit onmoontlik. Misskien dat daar later nog 'n beter verklaring dan een van die bowestaande gegee word. Intussen verdien die afleiding van Dr. Mansvelt m. i. die voorkeur bo die van Dr. du Toit.

VIERUURTJIES (du T.). Met die oog op die beskrywing wat Dr. du Toit van die blommetjie gee, begryp ek nie waarom hij die naam sonderling vind, en waarom hij aan vertaling van 'n gelijkbeduidende Maleis-Portugese naam moet dink nie. Is die Maleise naam nie misskien 'n vertaling van 'n naam wat blanke in Indië aan die blom gegee het nie? Hoe staat dit met die oorspronklike tjdrekening onder die Maleiers? Is die Europese tjdrekening nie eers laat oorgeneem nie? Die benaming is vir mij tiepies, en doen dink aan name soos *sewe-jaartjies, moeder-skepoppies, wag-'n-bietjie*, ens. ens. Lang nie vir alle vreemde sake het ons voorvaders die name maar ontleen nie. Dr. Mansvelt het daar al op gewijs in sij *Idioticon*; vgl. b.v. onder *aardbeiplant, droog-mij-keel-bessie* en elders. In elk geval is daar genoeg en eigenaardiger name dan *vieruurtjies* in Suid-Afrika self gevorm, om ons voorsigtig te maak om so 'n naam 'n vertaling van 'n Maleise naam te noem, en te sê dat dit „ongetwiefeld” die geval moet wees.

VOOLSTRUIS (du T.). Ook hierdie afleiding van Dr. du Toit kom mij, ondanks al die skerpsinnigheid, of misskien

juis daarom, heel twijfelagtig voor. Om aan te neem dat Maleis die voorbeeld sou gegee het waarna die naam in Portugees, Spaans, Frans, Engels, Nederlands, Duits en misskien nog ander Europese tale gevorm sou wees is moeilik, en tog neem Dr. du Toit dit aan. Die afleiding van Franck-Van Wijk uit 'n gerekonstrueerde vorm \* *avi-strūthio* verklaar die Romaanse vorme. In Mnl. kom *de vogel struus*, *de vogel grijp*, naas *struus*, *grijp* voor. Vgl. Verdam, *Mnl. Wdb.* Later is *vogelstruis*, *vogelgrijp* as één woord gevoel. Vgl. *Ndl. Wdb.* V, 733. Die samestellinge *appelsina*, *granaatappel*, *notemuskaat* is waarskynlik navolginge van Romaanse vorme. In hoever *de vogel struus* ook 'n navolging van 'n Romaanse vorm is, is hier van weinig belang. Die vorm *vogelstruis* is ouer as Afrikaans. Die 7<sup>de</sup> April 1652, het daar aan die Kaap 'n skip gelê met die naam *Vogelstruys*, vgl. Jan van Riebeeck, *Dagverhaal* I, p. 3. In die joernaal van Meerhof (t. a. p. p. 542) kom die woord herhaalde male voor, waar sprake is van die vol self.

As ek nie meer woorde uit die lysste van Dr. H. en Dr. du Toit bespreek nie, dan is dit nie omdat ek al die res beskouw as onbetwifelbare ontleninge uit Maleis-Portugees nie, maar omdat dit wegens skaarste aan materiaal, uiters moeilik is om oor sulke lastige afleidinge te oordeel, en omdat ek meen dat bowestaande bespreking van bijna die helfte van die deur Dr. H. en Dr. du Toit as Maleis-Portugees aangevoerde woorde laat blyk het, dat die lysste nogal twijfelagtige gevalle bevat. Al die

woorde is nie van Maleis-Portugese afkoms nie, en sowat die helfte bewijs niks vir Maleis-Portugese invloed op Afrikaans nie, omdat hulle via Nederlands in Afrikaans gekom het, of kon gekom het. Op die manier van Dr. H. en Dr. du Toit kan, soos reeds gesê, 'n veel sterker argument ten gunste van Franse invloed op die Afrikaanse woordeskat opgebou word, as mens nie let op die tyd van ontlening nie. Wat die vergelyking met die vreemde woorde, ontleen aan die inboorlinge-tale, betref, is dit 'n enigsins gevaarlike bewering van Dr. H. (p. 109), dat die in elk geval nie soveel is as die Maleis-Portugese woorde nie. As ons alleen direkte ontleninge uit Maleis-Portugees in aanmerking neem, en dan plaasname as 'n deel van die woordeskat beskou, dan gloo ek dat daar 'n langer lijs van Hottentotse woorde in Afrikaans kan opgetrek word, dan tot nog toe van Maleis-Portugese ontleninge gegee is. Om mij bewering enigsins te staaf, haal ek, alleen uit Pettman's *Africanderisms*, die volgende aan (waarbij ek nie verantwoordelik wil gehou word vir die bewering dat al die voorbeelde juis aan Hottentots ontleen is nie): *abba, arrie, Briqua, baroo, boegoe, eina, ga, ganna, geitjie, ghab, ghoen, ghokum, gli, gnap, gogga, gonna, gorra, gouna, Griqua, gnu, hoeka, kaam, kama, kamma, kanna, karroo, karos, karree, kierie, kambroo, koekoemakranka*, (die klap-tekens voor die gutturale word nie aangegee nie) *naras, nenta, nunnum, Obiquas, ourebi, quagga, tchou (?)*, waarbij dan plaasname soos *Garies, Ookiep*, riviername soos *Gamtoos, Gamka*, name van berge soos *Outeniqua, Sitsikamma*, ens. (vgl. ook Dehérain, *Études sur l'Afrique* p. 262), kan gevoeg word. Dat baje

van die woorde ongebruiklik is, geld eweseer van die lysie van Dr. H. en Dr. du Toit. Ook afgesien van plaasname, is die lijs, wat alleen uit Pettman opgestel is, natuurlik vir uitbreiding vatbaar. So bevat dit nie die woorde *kammalielies*, *kamte*, *kastag*, *dagga* en *tonka*, wat voorkom in die lijs van 18 woorde ontleen aan Hottentots, saamgesteld deur Dr. H. (p. 80) en Dr. du Toit (p. 22) nie.

Dr. H. is al heel ongelukkig in die samestel van 'n lijsie van Maleis-Portugese woorde wat bestaande Nederlandse woorde verdring het (p. 109). *Paai*, *maai*, *laai* is woorde wat betreklik selde gehoor word; *nenna* en *trawal* is mij selfs totaal onbekend. Geen een hiervan dra 'n intieme karakter nie. En watter Nederlandse woorde is deur hulle verdring? *Noi* is die enigste van die opvallend skraal lijsie wat veel gebruik word, en die het ook in Afrikaans 'n intieme karakter verkrij. Maar *noi* is 'n woord waarvoor in Nederlands, in sij oorspronklike betekenis, geen equivalent bestaan nie, omdat die verhouding van slaaf tot meesteres anders was as die in Nederland bekende verhouding tussen kneg en meesteres.

Hiermee stap Dr. H. af van die terrein van Maleis-Portugese ontleninge in Afrikaans, om „velerlei -ismen wier niet-Europeesche afkomst gemakkelijk is te herkennen” (p. 110) te bespreek.

„Een Afrikaner noemt elk mannelijk kind een *seuntje*; de oorsprong van dat gebruik kan geen andere wezen dan dat ons „jongen” bij hem, evenals in Indië, „bediende” betekent”. Dit is, vir Afrikaans, die oorsprong van die woord nie. Die gewone Afrikaanse woord vir 'n manlike kind is *jongetjie*. Net soos in Nederlands is die teenstelling tussen

*seuns* en *dogters*, en *jongetjies* en *meisies*. Dat *seuns* en *dogters* vaak gebruik word vir *jongetjies* en *meisies* is waar, maar daar Afrikaans die drie woorde *seuntjie*, *jongetjie* en *jong* besit, om onderskeid te maak tussen Nederlands *zoontje*, *jongen* en *bediende*, en bowedien *dogter* op dieselfde manier gebruik word as *seun*, kan die verklaring van Dr. H. nie juis wees nie. Die eigenaardigheid sit nie in die gebruik van *seuntjie* in plaas van *jongetjie* nie, maar in die gebruik van *jong* (of *jongen* in die ouere taal) vir *bediende*. En die gebruik is, soos Dr. H. self sê, ouer as Afrikaans. Van Riebeeck gebruik naamlik al *jongen* in die betekenis *bediende*. Maar verder: hier het ons nie te doen met 'n „-isme van niet-Europeesche afkomst”; die sporadiese gebruik van *zeuntje* vir *jongen* is ook Nederlands. Van Lennep, *Zeem. Wdb.* gee *zeuntje* as benaming van die *baksjongen*, en Boekenoogen, *Zaansche Volkstaal*, i. v. *zoon* sê: „Ook als aanspraak tot jongere mannen en kinderen al zijn ze geen bloedverwanten. „Zeun, is je moeder thuis?” Presies soos in Afrikaans. Vergelijk nog Buning, *De Rooie, en andere Marine Schetsen* p. 11. In sover as daar ontwikkeling plaas gevind het in Afrikaans, is dit m. i. spontane ontwikkeling, wat uitgegaan het van die gebruik van die woord in die vokatief in Nederlands.

Dat 'n woord in Afrikaans 'n uitgebreider betekenis het as in Nederlands, ook wanneer dit in Indië dieselfde uitgebreide betekenis het, kan ternouewernood geld as 'n bewijs van Maleis-Portugese invloed op een van beide tale, te minder wanneer die woord in so 'n uitgebreide betekenis in dialekties Nederlands voorkom, en nog te minder as die dialek 'n Hollandse is. Die mees tiepiese

betekenis wat die woord *lekker* in Indië het (vgl. *Ndl. Wdb.* VIII, 1520) is in Suid-Afrika onbekend. Die Afrikaanse betekenis kom meer ooreen met die in dialekties Nederlands, soos in Noord-Hollands, vgl. *Boekenoogen, Zaansche Volkstaal* i.v.

Wat die gebruik van *Pa* en *Ma* in Afrikaans betref, sou dit wenslik wees om te weet hoe oud die gebruik daarvan in Afrikaans wel is. Die moontlikheid bestaan dat ons die woorde aan Engels ontleen het. Naas *tante* het ons *auntie* van die Engelse oorgeneem. En *tante* self, is die nog in Nederland ontleen, of van die Hugenote in Suid-Afrika? Ook *Pa* en *Ma* kan aan Frans ontleen wees in Suid-Afrika. Dr. H. dink dat die woorde aan Maleis ontleen is. Die Maleise vorme is *bapa* en *emak*, waarnaas ook die verkorte vorme *pa* en *ma* voorkom, nie juis in die betekenis *vader* en *moeder* nie, maar as vriendskaplike aanspraaks- en liefkosingswoorde. Vir voorbeelde vergelyk *Het Afrikaansch* p. 112, en sie verder Klinkert, *Nieuw Mal.-Ndl. Wdb.* Ek sou vrede kon gehad het met die afleiding van Dr. H., as dit nie was dat ek weet, dat die blanke heel beswaarlik sulke woorde van sij bediendes oorneem, ewemin as mense uit die hogere stande in Nederland sulke woorde van die lagere stande sal oorneem. Die oorlamse Kaffer mag van sij *Pa* praat, maar die blanke sal daar nie aan dink om van sij *Ta* te praat nie. Daarom is ek geneig om aan te neem, dat die gebruik van *Papa* en *Mama*, wat in Nederland onder die hogere stande al in die 17<sup>de</sup> eeuw begin het (vgl. *Ndl. Wdb.*), in Suid-Afrika algemeen geword het na die aankoms van die Hugenote. Die algemene verspreidheid van die benaminge

hoef ons nie te verbaas nie, omdat tijdens die aankoms van die Hugenote die blanke aan die Kaap nog nie so verspreid was nie, en dus kon sulke woorde, wat in die smaak geval het, gouw verspreid raak. In die hogere ambtenaarskringe aan die Kaap kon die woorde al vóór die aankoms van die Hugenote bekend gewees het. Op dieselfde manier as in Nederlands uit Frans *Papa, Mama*, die verkorte vorme *Pa* en *Ma* ontstaan het, kan die vorme ook in Afrikaans ontstaan wees. Of is *Pa* en *Ma* „Lallwörter” in Nederlands en Afrikaans?

'n Interessante, maar moeilik te beantwoorde vraag is, hoe Afrikaans aan die uitdrukkinge *ek is honger, ek is spijt, ek is jammer, ek is skaam, ek is lus, ek is vaak kom*. Met Dr. H. sien ek hierin ongetwijfeld neologismes, maar dit is eigenaardig dat die voorbeelde wat ek genoem het, ooreenkoms besit met rubrieke in Europese tale. In verskillende Europese tale word naamlik hiervoor onpersoonlike of onzijdige konstruksies gebruik, soos *mij hongert, mij dorst, pudet me, poenitet me, het lust mij, mich schläfert* ens. Nie maar altoos kan in Afrikaans *is* gebruik word as koppelwoord waar in Nederlands *hebben* staat nie. Dit is b.v. onmoontlik om in Afrikaans te sê *ek is geduld* (soos in Indië in die taal van die Sinjo's: vgl. *Het Afr.* p. 113) of *ek is hoofpijn*. Die gevalle waarin in Afrikaans *is* kan staan vir Nederlands *hebben*, vorm 'n afgebakende rubriek, wat aanknopingspunte het met die klassifisering van konstruksies in Europese tale. Dr. H. sê; „Schuchardt toont aan, dat deze eigenaardigheid, die door hem uitvoerig verklaard, en ik mag wel zeggen verdedigd wordt, aan het Maleisch is ontleend.” Ek gee

hier die kern van Schuchardt se verklaring weer: „In unsern arischen Sprachen wird die Kopula nicht nur durch „sein“, sondern auch durch „haben“ (oder ein anderes transitives Zeitwort) dargestellt. Jedes Wort welches einen Zustand bezeichnet, setzt notwendigerweise ein Subjekt voraus; somit ist „ich Lust“ ganz unzweideutig, in keinem andern Sinn eine Gleichung als „ich Mensch“. Wir sollten sagen: „ich bin Lust“ wie „ich bin Mensch“, statt zu sagen: „ich habe Lust“ wie „ich habe Geld“, indem „haben“ im letzteren Falle den Werth einer ganz äusserlichen Verknüpfung hat. Es ist ein atavistischer Trieb der uns in gehobener Sprache sagen lässt: „ich bin ganz Mitleid“, „sie ist ganz Huld“, und manche Substantiva sind auf solchem Weg dauernd zu Adjektiven geworden, so Ernst, Zorn (im Mhd.), chagrin, colère . . . . In den verschiedensten kreolischen Mundarten heisst es: „ich Furcht“, „ich Hunger“, und selbst im Herzen Europas würde der Fremde sich zwar grammatischer, aber keinesfalls deutlicher ausdrücken. „Hunger“ und „hungrig“ scheiden sich nicht logisch, sondern nur formal, dank der grammatischen Analogie; innerhalb des Nomens haben sich unter bestimmten Bedingungen Adjektiv und Substantiv gesondert, und unter sie ist schliesslich das Nomen ohne Rest aufgetheilt worden. Wer ganz in unseren künstlichen Systemen befangen ist, wird vielleicht meinen, „ich bin Hunger“ müsse etwas anderes bedeuten als „ich habe Hunger“; aber das wäre ein Irrthum“.

Ek sou sê, dat na hierdie „verdediging“ waarin hij as 't ware die natuurlikheid van die ontwikkeling van so 'n konstruksie betoog, Schuchardt dit beswaarlik as 'n spesi-

fieke Maleïïsme kon beskou het, te meer daar hij self sê, dat die verskijsel in die mees verskeidene kreoolse tale voorkom. In watter tale die verskijsel ooral voorkom weet ek nie, maar drie daarvan is Maleis-Portugees, Afrikaans (wat in hierdie opsig dan kreools sal moet genoem word) en die Neger-Hollands van die Deense Antille. In die eersgenoemde twee gevalle kan Maleis daartoe aanleiding gegee het, in die laaste nie. In die geval van Maleis-Portugees is die Europese taal 'n romaanse, in die twee ander gevalle 'n germaanse. Om hier die biesondere invloed aan te wijs, is dus so goed as onmoontlik. Al wat ons kan doen is, soos Schuchardt gedoen het, te wijs op die algemene psichologiese verklaring van die verskijsel, waarbij ons in die oog moet hou die eigenaardige feit dat, vir sover dit Afrikaans betref, die voorbeelde 'n klas vorm wat ooreenkom met 'n indeling in Europese tale.

Om van die verskijsel te praat as die oorgang van een woordsoort tot 'n ander, soos Dr. H. en Dr. du Toit doen, helder die saak nie op nie, bring ons niks nader tot 'n verklaring nie. Die eigenaardigheid sit ook nie in die gebruik van 'n substantief as 'n adjektief nie, maar in die gebruik van *is* as kopula in plaas van *hebben*. In 'n sin as *ik heb honger is heb*, vir mij gevoel, niks anders as 'n kopula nie, en druk iets anders uit as in *ik heb geld* <sup>1)</sup>.

Konstruksies as *hij is lekkerlijf, droë-lewer*, vorm 'n klas apart van die vorige. Hier het ons te doen met „possessiv-komposita”, wat te vergelyke is met b.v. Ndl.: *hij is plat-zak*. Dat in *droë-lewer* die adjektief verboge is, is maar

<sup>1)</sup> In Afr. word *ek het honger* ens. net so wel gebruik as *ek is honger*.

skijnbaar; *droë* is die enige vorm waarin die adjektief vóór die substantief kan verskijn in Afrikaans.

Weer 'n ander klas vorm uitdrukkinge soos *ek rij knipmes, hulle lê lepel, sit velling*. Hier het ons te doen met uiters beknopte uitdrukkinge waarin die vergelyking nie duidelik weergegee word nie. *Knipmes rij* beteken 'n *perd* soos 'n *knipmes rij, so berij dat hij loop in die houding van 'n half-ope knipmes; lepel lê, velling sit*, beteken *lê* soos *lepels, sit* soos *vellings (wat in mekaar sluit)*. Sulke uitdrukkinge doen enigsins dink aan Ndl. samestellinge soos *paardrijden, mastklimmen, schuitjevaren*, maar die verhouding tussen die dele van die samestelling is anders. 'n Kompositum soos *lepelliggen* in die betekenis *liggen* zoals *lepels* ken ek in Ndl. nie, en die Afrikaanse konstruksie is seker 'n punt waar Afr. afwijk van Ndl.

In hoe ver sulke beknopte uitdrukkinge die gevolg is van die aanleer van 'n vreemde taal, in hoe ver hulle spontane ontwikkelinge is, sal moeilik wees om uit te maak. Hulle ontstaan aan spesiaal Maleis-Portugese invloed toe te skryf sou gewaagd wees. Dr. H. doen dit dan ook nie.

Dieselfde geld van 'n ander Afrikaanse eigenaardigheid, waarskynlik ook 'n kreolisme, nl. die verdubbeling van 'n werkwoordelike stam, waarbij die so ontstane vorm dieselfde funksie en betekenis het as 'n verbaal gebruikte tegenwoordige deelwoord in Nederlands, soos b.v. *rus-rus loop, staan-staan eet, sit-sit werk*, wat gelijk staan met Nederlands *al (gedurig) rustende lopen, al (voortdurend) staande eten, al (voortdurend) zittende werken*. Of die so bepaalde handeling duratief dan wel iteratief voorgestel

word, hang daarvan af, of die handeling uitgedruk deur die „deelwoord” kan plaas vind gelijktijdig met die uitgedruk deur die werkwoord, dan wel of die een die ander moet onderbreek. Behalwe in 'n paar uitdrukkinge waar dit nominale funksie het, soos in *lopende water*, kom die teenwoordige deelwoord in Afrikaans, behalwe wanneer dit onder invloed van Nederlands gebruik word, selde voor. Die pas beskrewende formasie voorsien teenswoordig in die behoefte wat so ontstaan is.

Die verbale karakter van die samestelling gaat soms, deur ontwikkeling van 'n oordragtelike betekenis, verlore, en dit krij 'n puur-adverbiale betekenis; *fluit-fluit loop* kan beteken *al fluitende lopen*, maar ook *gemakkelijk, zonder moeite lopen*; *iemand fluit-fluit wen* beteken *iemand gemakkelijk, als 't ware al fluitende overwinnen*; so ook *fluit-fluit deur 'n eksamen kom*. Dat gewoonlik egter die verbale karakter oorheers, en so sterk oorheers dat die hele uitdrukking as 'n verbale kompositum kan opgevat word, bewijs vorme van die verlede deelwoord soos *ek het gestaan-staan eet*, naas *ek het staan-staan geëet*.

As dit kan bewijs word dat Afrikaans die formasie aan die een of ander van die betrokke tale ontleen het, sou dit 'n argument van waarde wees ten gunste van invloed van die taal op die ontwikkeling van Afrikaans. Voorlopig sien ek daarvan af om 'n opinie uit te spreek oor die herkoms van die konstruksie.

'n Ander geval van verdubbeling, maar funksioneel verskillend, sien ons in *gouw-gouw, nou-nou, kort-kort, bietjie-bietjie*. Na die betekenis kan ons onderskei: *gouw-gouw, nou-nou* is adverbia met intensiewe betekenis, *kort-*

*kort* en *bietjie-bietjie* met iteratiewe betekenis ten opsigte van die enkelvoudige vorme. *Gouw-gouw* en *nou-nou* sluit gemaklik bij Nederlands aan; *kort-kort* en *bietjie-bietjie* staan verder af. Die eerste twee beskou ek as spontane ontwikkelinge. Trouwens, *gouw-gouw* word in Nederlands net so gebruik as in Afrikaans. Sie *Ndl. Wdb.* IV, 350. *Nou-nou* is in Afrikaans, anders as in Nederlands, altijd 'n bijwoord van tijd, en beteken *nou net, so pas*. *Kort-kort* en *bietjie-bietjie* kan ek nie verklaar nie. *Kort-kort* beteken *telkens weer met kort tussenpose*, b.v. *kort-kort voel hij of hij die geld nog het*. *Bietjie-bietjie* beteken *telkens 'n bietjie*, b.v. *dit reent so bietjie-bietjie*.

In die uitdrukkinge *jij moet basta vir jou so oud hou*, en *jij moet basta met rondloop*, beskou Dr. H. *basta* as 'n werkwoord wat tot adverbium geword het (p. 114). *Basta* is in Afrikaans, soos in Nederlands, 'n tussenwerpsel, en altoos, soos in Nederlands dikwels, met imperatiewe betekenis: *genoeg! genoeg daarvan! skei uit daarmee!* Vandaar dat dit soms moontlik is dit as werkwoord te beskou: *basta met praat!* en *jij moet basta met praat!* In die gebruik van *basta* sien ek niks kreools nie.

Na aanleiding van die noot op p. 114 die vraag: Waarom is 'n Italiaanse woord onwaarskynlik in Afrikaans as dit ook in Nederlands voorkom? Is *bankrot*, *bandiet* nie ook van Italiaanse afkoms nie?

Wellig, sê Dr. H., is ook die eigenaardige gebruik van *saam* in Afrikaans, soos in *met 'n mes saam snij*, 'n produk uit die Ooste. Hij wijs dan op die gebruik van *sama* in Maleis, wat beteken *gelijk, even, samen* en ook *met*. Die gewone woord in Maleis vir *met, met behulp van, te*

*samen met*, skijn egter *dengan* te wees: vgl. Gerth van Wijk, *Spraakleer der Mal. Taal*, § 244, 2e druk. En om *met . . . saam* in Afrikaans te verklaar, het ons niks aan Mal. *sama* nie. Dan lijk dit mij of ons nog verder kom met Duits *mit sammt*. Reeds bij Bredero kom *met sampt* voor (vgl. Oudemans, *Wdb. op Bredero* i.v. *sampt*). Die *Ndl. Wdb.* IX, 612 sê: „In de oudere taal vindt men het begrip *met* versterkt door *samen*: verg. hd. *mitsammt* (zie *D. Wtb.* VI, 2337). Ende hare huysen sullen omgewend worden tot anderen, *met 't samen* de ackeren ende wijven, *Jerem.* 6, 12 (zie ook *Deut.* 27, 1 en 33, 5). In de jongere taal wordt *samen* als bijw. gebruikt. *Samen met* hem (of: *met* hem *samen*) heb ik al het werk gedaan.” Jan van Riebeeck (1, p. 508) skrijf: „Riebeeck selfs in persoon *met samen* den ondercoopman Verburgh”. Vergelijk verder van Helten, *Vondels taal*, § 162, en Dr. de Haan, *Priangan* II, p. 560, noot 6. Om te bewijs dat „op de samenstelling van het Compagnies-Hollandsch de talrijke Duitschers in Indië grooten invloed hadden”, haal laasgenoemde o.a. aan *sampt* (1648), *gansch en gaar* (1663), *kargheyt* (1665), *geschir* (1643/44), *erreycken* (1648), *geschach* (1648), *omsunst* (1641/42) ens. In Duits en ouer Nederlands word *mit sammt*, *met sampt* altoos in die betekenis *te samen met* gebruik, wat nie ooreenkom met die gebruik in Afrikaans nie. Dit is moontlik dat die slawe-Afrikaans hier van invloed kon gewees het. Hoewel dit blote fantasie en sonder wetenskaplike waarde is, wil ek probeer om aan die voorbeeld duidelik te maak, hoe die taal van die vreemdelinge wel invloed op die taal van die Afrikaner van Nederlandse afkoms kon gehad het.

Die Afrikaner kon sê *ek het met mij vrouw saam*, of *saam met mij vrouw*, of *met saam mij vrouw*, na die stad gegaan, maar hij sou sê: *ek het die jong met 'n lat gestraf*. Vir die vreemdeling, wat merk dat in die eerste geval mens net so goed kon sê *met mij vrouw*, as *met mij vrouw saam*, *saam met mij vrouw*, *met saam mij vrouw*, het *met saam* heeltemaal synoniem geword met *met*, behalwe dat dit misskien 'n bietjie nadrukliker geklink het; en so kon hij daartoe gekom om het ook te sê *ek het mij jong met 'n lat saam gestraf*. Die ouer Afrikaners sal so 'n uitdrukking misskien vreemd gevind en vermij het, maar die kinders, en wat met hulle gelijk staan, die slawe en nuwe aankomelinge, sal daar niks vreemds in gevind het nie. Vir hulle was dit 'n vereenvoudiging, omdat beide *met* en *met saam* voortaan sowel assosiatiewe as instrumentale betekenis gehad het. Dit was weer 'n stappie vooruit in die rigting van uniformiteit. En dat daardeur 'n pleonastiese uitdrukking te meer in die taal gekom het was geen beswaar nie.

Want naas die neiging tot elliptiese, openbaar die taal ook 'n neiging tot pleonastiese uitdrukking. Watter neiging tot die grootste ontwikkeling kom, wanneer 'n taal oorgeplant word op 'n meerderheid van anderssprekende, is moeilik uit te maak. Seker is, dat albei sig sterk openbaar in Afrikaans. Die verklaring van sulke verskijnsele moet in die eerste plaas op algemene psychologiese gronde berus (vgl. Paul's *Prinzipien*, cap. XVIII). Bij pleonastiese uitdrukkinge is dit soms egter moontlik om biesondere gronde aan te voer, b.v. wanneer kontaminasie aanleiding gee tot pleonasme (t. a. p. VIII, § 121), of in hyperboliese

uitdrukkinge waar effektbejag die drijfveer is, en dikwels ook waar alleen na meerdere duidelikheid gestreef word.

Onder die hoof pleonasmes kan genoem word, behalve *met . . . . saam*, ook nog *nie . . . . nie*. Ten opsigte van Afrikaans is die gebruik hiervan m. i. nog aan ontlening, nog aan spontane ontwikkeling toe te skryf, maar aan oorerwing uit 17<sup>de</sup> eeus Nederlands, met die moontlikheid dat die gebruik in Suid Afrika uitgebrei is. Vir die dubbele *nie* haal Dr. du Toit (p. XX) die volgende voorbeelde uit 'n Nederlandse stuk van circa 1710 aan: *In en vrain land moet men dat kwaad nyt toelaaten nyt; Je word nyt gek nyt*. Dit beantwoord presies aan die gebruik in Afrikaans. *Nie* heeltemaal dieselfde *nie*, maar iets wat daar veel op lijk, kom vandaag nog in die Hollandse spreektaal voor. C. J. van Rijn haal die volgende aan: *Ik heb m'n eige in geen twintig jaar gewasse, so lank as me wijf dood is nie; Jan is nog nie binne gewees van vanochend af nie* (*Het Nauwe Verband* ens. p. 66). Teenswoordig word die tweede *nie* in Afrikaans, soos waarskynlik ook in die Nederlandse spreektaal, alleen om ritmiese redes gebruik. Dat Frans *ne . . . . pas* misskien kon meegehelp het om die gebruik te bestendig en uit te brei, wie sal dit kan ontken? Maar die bowestaande is bewijs genoeg, dat ook sonder Frans die dubbele ontkenning in Afrikaans kan verklaar word.

Pleonasme, misskien as die gevolg van die deurmekaar loop van twee gelijkbeduidende uitdrukkinge, kan ook gesien word in sinne as *hij loop uit die huis uit; hij vlug in die bos in*, wat ontstaan kan wees uit *hij loop uit die huis*, en *hij loop die huis uit; hij vlug in die bos* en *hij*

*vlug die bos in*. So het ek in Nederlands die sin gehoor: *ik zag hem uitkomen uit zijn huis*, wat miskien sal kan verklaar word as 'n deurmekaar loop van *ik zag hem zijn huis uitkomen* en *ik zag hem uit zijn huis komen*. Dit moet ook nie gedag word dat *hij loop uit die huis uit* die gewoonste of enigste konstruksie in Afrikaans is nie. Waarskynlik is selfs, dat die twee ander konstruksies *hij loop uit die huis* en *hij loop die huis uit* vaker voorkom maar minder opval. Of ons hier ook wel met 'n pleonasme in Afrikaans te doen het, is nie seker nie. Bij verbale komposita kom van die oudste tije af die adverbium van die samestelling as preposisie herhaal voor, b.v. in Goties *usgaggan us*, in Latijn *exire ex*, in Grieks *εἰσερχομαι εἰς*, ens., met daarnaas ook ander preposisies. Maar die natuurlikste, in elk geval vir vreemdelinge, is die herhaling van dieselfde adverbium as preposisie, soos b.v. Ndl. *inbreken in*.

In hoever die juis besproke eigenaardigheid oorgeërf, of 'n spesiaal Afrikaanse ontwikkeling is, moet ek onbeslis laat, maar die herhaling *al . . . al*, wat Dr. H. in een asem daarmee noem (p. 118) is ook Nederlands (alleen dialekties?). Vergelyk Boekenoogen, *Zaansche Volkstaal* i. v. *al lank al*, wat presies so gebruik word as in Afrikaans. Ook hier kan *al lank al* ontstaan wees uit *al lank* en *lank al*.

Dat sekere van die besproke verskijnsele kreoolse invloed ver-raai, kan ek nie ontken nie. Pleonastiese uitdrukkinge kom in alle tale voor, maar blykbaar veral in tale wat 'n kreoliserende invloed ondergaan het. En dan lê dit voor die hand dat spore daarvan ook in Afrikaans aanwesig sal wees, maar om die vinger op sekere van die ver-

skijnsele te lê, en te sê dat dit 'n kreoolse pleonasme is, is gevaarlike werk. In sekere gevalle is dit moontlik om dieselfde of soortgelyke uitdrukkinge in Nederlands aan te wijs, in ander nie. Maar dit moet in die oog gehou word, dat sulke uitdrukkinge betreklik selde in die skriftaal deurdring, en ons kennis van die 17<sup>de</sup> eeuwe spreektaal is gering. Waar daar teenswoordig geen aanknopingspunte meer in die skriftaal van vroeër of later, of die spreektaal van vandaag, kan aangetoon word nie, kon daar in die 17<sup>de</sup> eeuwe spreektaal wel ooreenkomste bestaan het.

En as toegegee word dat sommige van die verskijnsele kreolismes is, dan is dit nog iets anders as om te sê, dat die kreolismes Maleis-Portugese invloed bewijs. Misskien is die gebruik van die woord *kreolisme* selfs ongewettig, totdat aangetoon is dat ons werklik te doen het met invloed van 'n nie-Europese taal. So is b.v. *aus . . . heraus* in Duits 'n gewone konstruksie, en ons weet dat die Duitsers 'n aansienlike persentasie van die blank bevolking aan die Kaap uitgemaak het.

Met meer stelligheid dan oor die vorige *-ismes* durf Dr. H. hom uitlaat oor die gewoonte om in Afrikaans die direkte voorwerp deur middel van 'n voorsetsel aan die werkwoord te verbind (p. 115). En ek moet toegee dat hier moeilik aan spontane ontwikkeling kan gedink word. 'n Aanknopingspunt met Nederlands kan ek hier nie vind nie. In *Het Nauwe Verband tussen het Afrikaans en het Hollands* ens. p. 115, het C. J. van Rijn egter, 'n verklaring gegee wat nie oor die hoof mag gesien word nie, en wat enigsins aansluit bij die verklaringe boou gegee.

Sij verklaring kom hierop neer: Daar die datief soms met, soms sonder 'n voorsetsel kan staan, b.v. *koop mij* of *vir mij*, 'n *hoed*, *bring mij* of *vir mij*, 'n *hamer*; *soek mij* of *vir mij*, 'n *mooi boek*, kon deur verwarring van die direkte met die indirekte voorwerp, *vir* ook vóór die akkusatief gesê geword het: *bring mij* of *vir mij*, *na die dorp*; *soek hom* of *vir hom*, *in die veld*, ens. Met so'n verklaring aan te neem sou ook die verskijsel, tesame met die ander in die paar laaste paragrawe bespreek, onder die hoof van pleonasme kan gerangskik word.

Maar hier is moeilikhede wat daar nie bestaan nie. So 'n „omskrywing” van die 4de naamval, waarvan in Nederlands geen spore aangetoon is nie, is in Afrikaans moontlik (nie noodsaaklik nie), alleen wanneer die objek 'n persoon is. Nou het Schuchardt aangetoon (*Kreol. Stud.* IX, p. 227) dat dieselfde verskijsel ook in Maleis-Portugees en ander Kreoolse tale voorkom, en ook alleen vóór „das belebte Objekt”. Solang daar nie analoge in die Europese tale aangetoon is nie, sal ons dit dan ook as 'n kreolisme moet beskou, en na mij opinie is dit een van die sterkste bewijse teen die bewering dat Afrikaans die suiwere en spontane ontwikkeling van 'n Nederlandse dialek is, alhoewel dit op sigself nie 'n feit van veel waarde is nie. 'n Half dosijn sulke feite sou Afrikaans nog geen mengeltaal maak nie. Maar is dit dan nie 'n bewijs vir Maleis-Portugese invloed op Afrikaans nie? Dit kom die naaste daaraan van al die *-ismes* wat Dr. H. tot nog toe aangevoer het, maar 'n afdoende bewijs is ook dit nog nie. Die verskijsel kom naamlik, behalwe in Maleis-Portugees, ook in Indo-Portugees en nog veel verder voor,

sodat Schuchardt selfs nie weet of dit in *Maleis-Portugees* as 'n Maleiïsme moet beskou word nie (t.a.p. p. 226)! Die enige gemeenskaplike element in die tale wat Schuchardt noem is Portugees. Moet ons nou aanneem dat die kieme van die gebruik in Portugees aanwesig was, vandaar oorgeplant is op Maleis-Portugees, en vandaar weer op Afrikaans, of is die verskijnsel 'n gevolg van die aanraking van 'n Europese met onverskillig watter ander, vreemde taal? In die eerste geval is dit waarskynlik, dat Schuchardt wel in staat sou gewees het om aan te toon waar die uitgangspunt in Portugees moet gesoek word. In die tweede sou dit niks bewijs vir Maleis-Portugese invloed op Afrikaans nie. Dan sou dit bloot 'n geval wees van parallelle ontwikkeling onder eenderse omstandighede, van gelijke oorsake wat gelijke gevolge het. Dr. Kruisinga het daarop gewijs (*Taal en Lett.* XVI, p. 426) dat 'n sin as: *die wat ons kan help, trek ons nog dieper in die draaikolk in*, grammatikaal wel korrek, maar dubbelsinnig en onbegrijplik is. Die armoede aan vorme moet, waar dit onduidelikheid veroorsaak, goed gemaak word deur analytiese middele.

Of ons geregtig sal wees om hier Maleis-Portugese invloed aan te neem, sal vir 'n groot deel daarvan afhang, of dit moontlik is om in 'n aantal ander gevalle sulke invloed ewe waarskynlik, of liever meer waarskynlik, te maak. Nader ondersoek van die ras-dialekte in Afrikaans, soos Maleis-Afrikaans, Hottentots-Afrikaans en van ander tale met 'n min of meer ooreenkomstige ontwikkelingsgeskiedenis, soos Neger-Hollands en Neger-Engels, sal miskien meer lig op die saak kan gooi. Ek is in elk

geval gereed om hier 'n kreolisme aan te neem, maar alleen in die sin waarin, soos ons later sal sien, in Afrikaans sprake kan wees van kreolismes.

Hier kan nog vermeld word dat Schuchardt (t.a.p.) aan die verskijnsel ook, soos bij *ek is honger*, 'n algemene, dieper geleeë verklaring soek te gee, wat berus op „der Gegensatz des Belebten (und vor allem des Persönlichen) zum Unbelebten im Urarischen“, maar daar kan ek hom nie volg nie.

Daarmee kom ons aan die end van Dr. H. se hoofstuk oor die Afrikaanse woordeskat, sinswendige en syntaktiese eigenaardighede.

As ons kortelik resumeer, dan sien ons dat die persentasie van direk aan Maleis-Portugees ontleende woorde in Afrikaans al heel gering is, so gering dat Afrikaans met die oog op sijn woordeskat, Anglisismes uitgesonder, met geen moontlikheid 'n mengeltaal kan genoem word nie, — of alle bestaande tale sou mengeltale moet heet, Nederlands met veel meer reg as Afrikaans. Selfs wanneer ons indirekte invloed van Maleis-Portugees op die Afrikaanse woordeskat mee in aanmerking neem, verander dit so te sê niks aan die saak nie. En iedereen sal toegee, dat die eerste en sigbaarste invloed wat een taal op 'n ander uitoefen, op die woordeskat moet wees. Wat die ander eigenaardighede betref, het ons gesien dat alleen in twee gevalle, in sinne soos *ek het honger* en *ek het vir hom gesien*, aanknopingspunte bestaan met Maleis-Portugees en nie met Nederlands nie, terwijl dit onuitgemaak moet blij of hier gelijksortige oorsake ooreenkomstige gevolge gehad het, met ander woorde of ons parallelle ontwik-

keling moet aanneem, dan wel inwerking van Maleis-Portugees. Laat ons aanneem dat die laaste die geval is, dat ons hier nie te doen het met invloed van ander vreemde tale nie, dan blij die oogs van wilde hawer nog maar skraal. Die Afrikaanse boer kan op dieselfde mark as die Nederlandse sij graan vir suiwer verkoop.

---